# JEUGLES– Paasfees

## 1. PRAISE EN WORSHIP – We Believe

## 2. YSBREKER

Vra vir die kinders ‘n aantal vrae waarin hulle sekere dinge moet onthou. Dit dien as inleiding vir die nagmaal wat later gehou word waarin ons ook onthou. Ek wil julle gou ‘n paar vrae vra om te kyk wie kan baie mooi onthou.

**Vrae vir Ysbreker:**

- Wie kan onthou wat hulle vir ontbyt geëet het vanoggend?
- Wie kan onthou wat hulle verlede Dinsdag vir ontbyt geëet het?
- Wie kan onthou wat hulle beste vriend/in se naam is?
- Wie kan onthou wat julle dokter se naam is?

## 3. PROCESS YSBREKER:

Watter vrae was die maklikste om te antwoord? Die ‘wat het jy vir ontbyt geëet het’ vraag, was die maklikste. Dis natuurlik oor dit nie te lank terug gebeur het nie. Met die naam vraag was dit die maklikste om die naam te onthou van die persoon met wie jy die meeste tyd spandeer.

Wanneer jy iets wil onthou, hou jy dit gewoonlik naby jou, soos bv. ‘n foto van jou ou of meisie op jou foon, sodat jy gereeld daarna kan kyk. Ons wil hulle nie vergeet nie, omdat hulle vir ons belangrik is, daarom kyk ons gereeld na hulle foto.

Kinders van Jesus het ook so spesiale laaaaang naweek wat binnekort hier gaan wees en dan onthou ons ook iets. Dis Paasfees. Wie weet wat ons onthou oor Paasnaweek? Ons onthou hoe Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en ook hoe Hy na drie dae opgestaan het. Kinders van Jesus regoor die wêreld hou spesiale dienste daardie naweek. Maar weet julle ons moet altyd onthou wat Jesus aan die kruis vir ons kom doen het. Nie net een naweek in ‘n jaar nie.

Jesus wou hê dat ons nooit moet vergeet dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het nie, daarom het Hy vir ons ‘n baie spesiale manier gegee om dit te onthou? Wie van julle weet wat dit is? Die nagmaal. Kom ons kyk waar dit vandaan kom en hoe dit ons kan onthou.

## 4. DIE EERSTE NAGMAAL

Dit is Paasfees in Jerusalem. Met Paasfees sê die Jode weer vir God dankie. Hulle sê vir die Here: “Dankie dat U die Israeliete uit Egipte laat trek het. Dankie dat U vir hulle gesorg het.”

Dan slag hulle ‘n lammetjie en eet spesiale brood.

Jesus en Sy dissipels vier ook Paasfees, maar Jesus lyk hartseer, want een van Sy dissipels gaan Hom verraai, deur vir Sy vyande te help om Hom te vang.

Die dissipels skrik, wie van hulle sal so iets doen? “Wie is dit, Here?” vra hulle. Die ander dissipels weet nie van Judas se planne nie. Judas is ook ‘n dissipel. Hy sit saam met hulle aan tafel. Jesus gee vir hom ‘n stukkie brood om te eet en sê: “Dit is hy wat saam met My eet wat My gaan verraai.” Judas het nie regtig vir Jesus lief nie. Hy maak maar net of hy Hom liefhet. Hy luister vir Satan. Satan het vir hom gesê hy moet Jesus se vyande help om Hom te vang. Judas

staan op van die tafel en loop uit. Weg van Jesus af. Jesus weet Hy moet sterf. Jesus wil hê ons moet altyd onthou dat Hy vir ons sondes gesterf het.

## DEMONSTRASIE:

Judas kon nie nagmaal saam met Jesus gebruik nie, omdat hy nie deel aan Jesus gehad het nie. Hoe het ons deel aan Jesus? Deur ons harte en ons lewens vir Hom te gee. So net soos Judas nie die nagmaal kon gebruik nie, so kan JY ook nie die nagmaal gebruik as JY nie deel aan Jesus het, jou hart en lewe al vir Hom gegee het nie.

Ek wil graag prakties vir julle demonstreer wat gebeur wanneer jy jou hart en lewe vir Jesus gee.

‘n Vrywilliger kom aangestap met ‘n VUIL t-hemp aan. Die vuil t-hemp is al die sondes wat ons doen, wat ons vuil maak. God gee ons altyd ‘n keuse, ons kan of met die vuil t-hemp rondloop vir die res van ons lewe, OF ons kan KIES om dit uit te trek, dit vir Jesus te gee, wat REEDS aan die kruis vir ons sondes gesterf het. As ek my vuil t-hemp kies, gaan dit al vuiler raak, en gaan ek saam met satan in die hel beland.

Wanneer ek kies om my vuil t-hemp vir Jesus te gee, dan **TREK EK DIT UIT**, ek trek nie net ‘n skoon een bo-oor aan nie, want dan bly die sonde en die vuil nogsteeds deel van my. Dan lyk ek net aan die buitekant skoon, maar aan die binnekant het niks verander nie. Deur die t-hemp uit te trek sê ek vir Jesus dat ek klaarmaak met my ou lewe en sondes, en dat ek KIES om ‘n nuwe lewe en ‘n nuwe pad saam met Hom te stap, weg van my ou lewe en my ou sondes.

Ek hang die vuil t-hemp oor die kruis, want dit is waar Jesus daarvoor betaal het. Ek trek dan ‘n skoon t-hemp aan, wat wys dat ek klaargemaak het met my ou lewe en my ou sondes.

Om jou hart en lewe vir Jesus te gee is een van die wonderlikste, maar ook een van die moeilikste goed wat jy ooit sal doen. Hoekom sê ek so? Jy kan nie hart en lewe vir Jesus gee, en jy gaan aan met jou lewe soos voorheen en niks verander nie. Onthou, jy trek jou vuil t-hemp UIT, jy trek nie net ‘n skoon een bo-oor aan nie. As niks in jou lewe verander nadat jy jou hart vir Jesus gegee het nie, dan het jy nog nie die vuil t-hemp UITGETREK nie, maar net ‘n skoon een bo-oor aangetrek, en dan beteken dit NIKS vir jou of vir Jesus nie!!

## KIES VIR JESUS

Jesus se dood aan die kruis het vir jou en my lewe kom gee, MAAR dit kan net iets vir jou beteken as jy dit KIES! Die vuil t-hemp UITTREK, en ‘n skoon een AANTREK. Ons gaan nou kans gee vir julle om stil te raak in julle groepe en met God te praat. Daar is GEE druk nie, want hierdie doen jy of VOLUIT, of jy LOS dit!!!!

Ek gaan na ‘n paar minute ‘n gebed doen, en as jy gereed is om hierdie stap met jou HELE hart te doen, jou vuil t-hemp UIT TE TREK, dan bid jy agter my aan. NET jy en Jesus gaan daarvan weet, ons gaan jou nie vra om op te staan, of jou hand op te steek nie, so daar is GEEN druk om dit te doen as jy nie ABSOLUUT gereed is daarvoor nie!! As jy hierdie groot en belangrike besluit vanaand neem, sal ek graag wil hê dat jy NA die tyd vir jou leier gaan sê, sodat hy of sy kan weet om vir jou te bid en jou te ondersteun in hierdie belangrike besluit wat jy geneem het.

## BEKERINGSGEBED:

Dankie Here Jesus dat U aan die kruis vir my gesterf het. Jammer dat ek U verloën het en my eie pad wou volg. Vergewe asb al my sondes. Asseblief Heilige Gees kom woon nou in my hart.

## INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Ek gaan nou die nagmaal instel soos wat Jesus gedoen het, maar julle gaan dit nie nou gebruik nie. Die nagmaal staan hier voor, wanneer ons klaar is, dan kan jy as jy reg is die nagmaal op jou eie kom gebruik. Wanneer ons nagmaal gebruik, onthou ons wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Voordat ons dit kan doen, sê die Bybel ons moet iets belangriks doen. Ons moet enige sonde wat ons gedoen het voor die nagmaal na Jesus toe bring en vra dat Hy ons vergewe. Ons kan nie nagmaal hou as daar dalk sondes is, wat ons nog nie na Jesus toe gebring het nie. Jy weet of jy netnou nagmaal gaan gebruik, so kom ons maak oë toe en dan gaan ek vir ons bid. Here Jesus, ek bring my sondes na U toe en vra dat U my sal vergewe. Kom was asb my hart skoon. Amen.

"Jesus neem toe die brood en breek dit en gee vir elke dissipel 'n stukkie. Hy sê: "Dit is My liggaam. Eet dit en onthou My." Toe neem Hy die wyn en nadat Hy vir God dankie gesê het, gee Hy vir elkeen 'n bietjie wyn om te drink en sê: "Dit is My bloed wat al julle sondes weg was."

Dit was die eerste Nagmaal.

## 5. PAASFEES

Die res van die paasfees verhaal is AMAZING!! Nadat Jesus BAIE gemartel en BAIE geslaan is vir MY en JOU sondes, is Hy gekruisig. Die Bybel Sê die volgende oor Jesus se kruisiging:

Jes 50:6 "Ek het my rug gehou vir die wat my geslaan, my wang vir die wat my baard uittrek. Ek het my gesig nie weggedraai toe ek bespot en bespoeg is nie."

Jes 52:14 "Baie mense was ontsteld oor Hom, Hy was so misvormd dat Hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie".

Jes 53:4-5 "Tog het Hy ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra. Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom"

Die AMAZING deel van die Paasverhaal is dat Jesus na 3 dae uit die dood opgestaan het, en dat Hy 40 dae daarna opgevaar het hemel toe, waar Hy wag om die van ons wat ons harte en lewens vir Hom gegee het, te kom haal wanneer die tyd daarvoor reg is!

Is JY gereed, kan Jesus JOU kom haal, of gaan satan JOU kom haal?

## 6. SLUIT AF MET GEBED EN GEE SELFONE TERUG